LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 8
1 Maart 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

MNR D JOUBERT (SKOOLHOOF) SE EPOS ADRES HET VERANDER
hoof@laervolkskool.org

STUDEER SONDER SUKKEL
Die Instituut vir Christelike Onderwys bied by Laer Volkskool hierdie studie kursus vir ons graad 4 leerlinge aan. Die koste van die kursus beloop R120 per kind.

Die skool borg elke leerling met R60. Danksy 2 fondsinsamelings wat tydens die 2 sokkie-aande gehou is, kon ons nog elke leerling se koste met 'n verdere R40 verminder. Dus gaan die kursus elke leerder nou net R20 kos. Vul asseblief die vormpie in en stuur so spoedig as moontlik die R20 na die klasonderwyseres. Die R20 moet voor of op 14 Maart by die registeronderwyser betaal word.

Die sessies met Graad 4 leerlinge en ouers is as volg:
Leerdersessie – Maandag, 14 Maart 2019 om 07:15 tot 13:30 tydens skooltyd in die Kewertjie. Dit is 'n normale, verpligte skooldag en u kind moet by die skool wees.

Oudersessie – Maandag, 14 Maart 2019 om 17:30 tot klaar in Kewertjie.

DRAMA
Aangesien mej Ina Janse van Vuuren ons verlaat het, is ons genoodsaak om die Dramaklasse tot verdere kennisgewing te kanselleer.

TOETSROOSTER

Vrydag	1 Maart 2019	Engels Gr 4 - 7
Maandag	4 Maart 2019	NW Gr 4 - 7
Dinsdag	5 Maart 2019	Wiskunde Gr 4 - 7
Woensdag	6 Maart 2019	Afrikaans Gr 4 - 7
Donderdag	7 Maart 2019	EBW Gr 7
Vrydag	8 Maart 2019	TEG Gr 7

BEDANKING
Baie dankie aan Spar vir uitstekende diens gelewer tydens ons worsbroodjie verkoping.

PARKERING
Ons versoek asseblief die ouers om nie voor die busstoor langs die Kewertjie te parkeer nie. Dit verhoed dat die busse ingetrek kan word.

OUPA- EN OUMADAG 18 APRIL 2019: 10:00 TOT 12:00
Laer Volkskool bied vanjaar weereens 'n Oupa- en Oumadag op 18 April 2019 aan. Soos elke jaar beloof die dag weer om die leerlinge en hul grootouers te trakteer met heerlike verversings, geskenkies en 'n spesiale program. Aangesien die dag met baie reëlings gepaard gaan en ons elke jaar vir ongeveer 250 grootouers en leerlinge gereed maak, is dit noodsaaklik dat ons vroegtydig die name van alle grootouers en leerlinge wat die dag sal bywoon, ontvang.

Voltooi asseblief die aangehegte vorm en stuur met die korrekte bedrag na die skool teen **15 Maart 2019**. (Laaste skooldag van die kwartaal)

Ons sien daarna uit om u kind/ers se grootouers te ontvang.

TOP-20 KONSERT (OOV)
Baie dankie aan almal wat die konsert bygewoon het. Ons glo elkeen het die aand baie geniet!

Baie dankie aan al die OOV-ouers wat gehelp het met die voorbereidings van die aand. Dankie ook aan Brenda wat die kaartjie-verkope hanteer het.

Ons bedank ook die volgende borge:
Villa Reinet - gaskunstenaars se verblyf
Jean Vorster van Foto Express - kaartjies en plakkate
Van Wyk Theron - kunstenaars se ete (borg)

Elkeen se bydrae word opreg waardeer!

SPORT

KRIEKET
Kennisgewing van 'n bykomende krieketwedstryd teen Jeffreysbaai Laerskool, 14 Maart 2019 om 14:00.

Laer Volkskool het op Vrydag, 22 Februarie 2019 teen Frans Conradie gespeel en die uitslae is as volg:
o.11 LVS wen met 8 paaltjies.
o.13 LVS verloor met 48 lopies.

ATLETIEK
Baie geluk aan die volgende leerders wat deur is na die Oos-Kaap Atletiekbyeenkoms in Cradock.

- Alecia Louw
- Diniso Matayi

Baie sterkte aan julle.

NETBALKLINIEK
Vyf en tagtig dogters het aan die netbalkliniek deelgeneem wat deur mev Lana Krige van NMU (Madibas) aangebied is. Hiermee 'n groot dank aan ons borge wat dit moontlik gemaak het dat die dogters 'n verminderde bedrag kon betaal om te kan deelneem.

DIE NETBALKLINIEK
Die volgende borge wil ons graag bedank vir hul groot bydrae:
Mnr & Mev Johan Dercksen
Spar
Mnr Theo Potgieter
Mnr Ian van der Merwe
ABSA

NETBALTOERNOOI
Die o.8 en 0.9 netbalspelers neem Saterdag, 9 Maart aan ‘n toernooi deel by Karel Theron. Dogters wat deelneem het vandag briewe ontvang.

TENNIS
Die 1ste seuns en dogtersspanne het Maandag, 25 Februarie teen Primêre Skool Karel Theron gespeel. Die seuns het al hul wedstryde gewen en het dus 9 – 0 gewen. Die dogters het met 7 wedstryde teenoor 2 gewen. Almal het baie goeie tennis gespeel en was wenners van en op die baan. Baie geluk seuns en dogters ons is baie trots op julle.

SWEM
Op 23 Februarie het daar 5 van LVS se swemmers aan die C-groep gala te Port Elizabeth deelgeneem. LVS is trots op elke swemmer. Uitslae is as volg:

Swemmer	**Ouderdom**	**Borsslag**		**Rugslag**		**Vryslag**	
		Plek	**Tyd**	**Plek**	**Tyd**	**Plek**	**Tyd**
Joané Stroebel	o.8	31ste	38.50	12de	27.56	56ste	31.11
Adeline Engelbrecht	o.8			42ste	34.76	62ste	32.21
Kate-Lynn Kruger	o.9			4de	27.28	7de	23.51
Louis de Wet	o.10	4de	29.75	3de	26.06	2de	21.88
Aiden Jeffrey	o.10			7de	1:00.28	11de	36.25

TOP 8 GALA
Voorspoed aan die volgende swemmers wat gekies is om aan die Top 8 Gala op 3 September 2019 te Port Elizabeth deel te neem.
Mark Blom, Anrich Nieuwoudt, Aiden Thiart en Hannes van der Merwe.

KAROO SWEMGALA
LVS het met 380 punte gewen. Baie geluk aan Carlien Oosthuizen wat aangewys is as Victrix Ludorum.

SWEM
Die volgende leerlinge het die afgelope Saterdag aan ‘n C-groep gala by Collegiate in PE deelgeneem.
Joanné Stroebel; Adeline Engelbrecht; Kate-Lynn Kruger; Louis de Wet en Aiden Jeffrey.

Die volgende leerlinge het baie goeie plekke behaal.

Kate-Lynn Kruger o/9 Rugslag 4de; Vryslag 7de
Louis de Wet o/10 Rugslag 3de; Borsslag 4de; Vryslag 2de

TWEEKAMP

Die E.P Champs is gehou te PE (20/02/2019). Die volgende leerders was genooi, het deelgeneem en het die volgende plekke behaal.

Naam en van	**Ouderdom**	**Plek**
Markus van der Ahee	o/8	9de
Adriaan van Jaarsveld	o/8	8ste
Frederick de Klerk	o/9	7de
Johan Viljoen	o/9	4de
Dylan van Deventer	o/9	10de
Aiden Thiart	o/11	Nie klaar gemaak omdat hy siek was
Hannes van der Merwe	o/11	5de
Joshua Kritzinger	o/11	8ste
Francois Naude	o/11	10de
Ruben van der Ahee	o/11	9de
Jean van Wyngaard	o/11	11de
Hugo Botha	o/13	9de
Anrich Nieuwoudt	o/13	10de
Danté Dercksen	o/8	5de
Carlien Oosthuizen	0/9	1ste

Na afloop van die byeenkoms is daar ‘n span gekies wat die O.P by die Suid-Afrikaanse Tweekamp kampioenskappe in PE gaan verteenwoordig. Daar is 3 leerders gekies vir die span en 4 vir reserwes.
Span: Carlien Oosthuizen, Hannes van der Merwe en Aiden Thiart
Reserwes: Frederick de Klerk (Reserwe 1 vir o/9), Johan Viljoen (Reserwe 2 vir o/9), Dylan van Deventer (Reserwe 5 vir o/9) en Joshua Kritzinger (Reserwe 1 vir o/11).

GEDAGTE VIR DIE WEEK

LIEFDE VIR MEKAAR

Jesus het sy kinders aangesê
om mekaar met oorgawe lief te hê –
elkeen wat vertrou en glo,
ontvang sy liefde en krag van Bo.

Die mens met verstand
aanvaar bevele.

Spreuke 10:8

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803